



eduresourceza.com



ROEDEAN SCHOOL (SA)
INSPIRING A LIFE OF SIGNIFICANCE

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I
MATRIEK
VOORBEREIDENDE EKSAMEN 2020**

Punte: 100
Tyd: 2½ uur
Leestyd: 10 minute

Eksaminator: M. le Roux
Moderators: A. Ferreira
T. Lawrenson

EXAMINATION NUMBER

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES:

- Hierdie vraestel bestaan uit **16** bladsye.
- Hierdie vraestel bestaan uit **VIER AFDELINGS**.

Afdeling A	Leesbegrip	(30 punte)
Afdeling B	Opsomming	(10 punte)
Afdeling C	Poësie	(30 punte)
Afdeling D	Funksionele Taalgebruik	(30 punte)
- Beantwoord al die vrae in jou Antwoordboek.
- Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.**
- ALLE vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.

VOORSPOED!

AFDELING A LEESBEGRIP

VRAAG 1 INTERNETARTIKEL

Lees die volgende artikel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

RESTAURANTE PAS AAN BY COVID-19

1. In sommige lande is die restaurantbesigheid stadig maar seker besig om te herstel van die bomskok van Covid-19.

Koebaai, spyskaart

2. In Italië het restaurante weer begin handel dryf, want dis die begin van die toerismeseisoen. Almal skarrel behoorlik om hulle klante se gesondheid te verseker.
3. By die trattoria, Enzo, in Rome, is daar 'n slim plan met spyskaarte gemaak. Daar is nie 'n papierspyskaart in sig nie. In plaas van 'n spyskaart, hou die kelner 'n plakkaat van 'n reuse QR-kode voor die klante op. Hulle skandeer dit met hul slimfone en die dag se spesialiteite verskyn op jou slimfoon se skerm. Die eienaar sê dat selfs hulle ouer klante sommer gou geleer het.

Hoe lyk dit, pop?



4. In die restaurant, Cozy, in Litaue, is mannekyne, opgedollie in spesiale uitrustings, deel van die klante. Jy besef egter gou dat die tafel langs joune eintlik 'n oulike gesinnetjie poppe is.
5. Die eienaar gebruik die winkelvensterpoppe om die klante bewus te maak van sosiale afstandreëls en om 'n gesellige atmosfeer te skep. Die restaurant het vir hom so leeg en onpersoonlik gelyk omdat daar net 'n sekere getal klante mag inkom.
6. Saam met die winkelpopidee, het nog inspirasie gekom. Die eienaar het plaaslike modeontwerpers gevra om uitrustings vir 'n paar poppe te ontwerp. 'n Bekende modeontwerper in die stad sê dat hy daagliks navrae oor sy uitrustings kry. By Cozy kry die klante nou 'n restaurant-ete en modevertoning in een.

Mense in glashuise ...



7. Die Nederlandse restaurant, Eten, in Amsterdam, het met 'n slim plan gekom om hul klante se sosiale afstand te vergroot en nog steeds atmosfeer te behou.
8. Eten het glaskajuite op sy stoep opgerig. So het hulle 'n intieme, romantiese atmosfeer vir die klante geskep. Kelners dra gesigskerms en gebruik 'n ekstra lang skinkbord om klante te bedien.

Onder 'n klokglas



9. Verbeel jouself, 'n ete vir twee by die restaurant, H.A.N.D, naby die Louvre museum in Parys. Dit voel amper soos die goeie ou dae, maar ... bokant jou en jou metgesel se koppe hang deurskynende klokglase!
10. 'n Franse ontwerper, Christophe Gernignon, het 'n reuse silinder uit deurskynende plastiek geskep wat met 'n kabel van die dak afhang, amper soos 'n lampskerm. Hy het niks gehou van die afskortings en skerms wat party restaurante gebruik om die klante te skei nie. Dit het vir hom net soos 'n tronk gevoel en gelyk. Hy wou iets meer glansryk maak en natuurlik, romanties.
11. Die silinder het selfs 'n opening agter as jy gedurende die maaltyd vinnig 'n draai by die badkamer moet maak.
12. Saam met Covid-19 se negatiewe implikasies is daar beslis ook positiewe inspirasies.

[Verwerk uit *Netwerk* 24, 30 Mei 2020]

- 1.1 Watter woord in paragraaf 1 impliseer dat die Corona virus 'n groot impak op mense se lewens gehad het? (1)
- 1.2.1 Verduidelik die betekenis van die sub-opskrif, "Koebaai, spyskaart". (1)
- 1.2.2 Waarom, dink jy, is papierspyskaarte nie 'n goeie idee gedurende die Covid-19 pandemie nie? (1)
- 1.3 Wat motiveer die restaurante in Italië om oop te maak? (1)
- 1.4.1 Wat gebruik die restaurant, Enzo, in plaas van 'n spyskaart? (1)
- 1.4.2 Wat, dink jy, impliseer die eienaar van Enzo met die laaste sin in paragraaf 3? (1)
- 1.5 Gee twee redes waarom die eienaar van Cozy, winkelpoppe in sy restaurant gesit het. (2)
- 1.6 Antwoord WAAR of ONWAAR op die volgende stelling.
- 1.6.1 *Die winkelpoppe in die restaurant, Cozy, het ook die modeontwerpers in die stad gehelp.* (1)
- 1.6.2 Motiveer jou antwoord by 1.6.1 in jou eie woorde. (1)
- 1.7 Waarom gebruik die kelners by Eten, ekstra lang skinkborde? (1)
- 1.8 Kies die korrekte antwoord en skryf net die **nommer** van die vraag en die **letter** van die antwoord neer.

Die frase "goeie ou dae" (par. 9) verwys na ...

A Die 20ste eeu.
B Die tyd voor Covid-19.
C Die tyd toe restaurante nog goedkoop was.
D Die tyd toe 'n restaurant-ete nog 'n formele okkasie was. (1)
- 1.9.1 Waarmee vergelyk die skrywer die plastiese silinders bokant die tafels in die Paryse restaurant?
Haal **een woord** uit die leesstuk aan. (1)
- 1.9.2 Wat het Christophe Gernignon motiveer om hierdie silinders te ontwerp? (1)
- 1.9.3 Wat is die doel van die opening aan die agterkant van die silinder? (1)
- 1.10 Noem een verskil tussen die eet-ervaring by Eten en die eet-ervaring by H.A.N.D. (2)

- 1.11 Verduidelik die betekenis van die laaste sin in die leesstuk in jou eie woorde.

(2)

[19]

eduresourceza.com


VRAAG 2

INFORMASIE-GRAFIEK

Lees die onderstaande grafiek deeglik deur en beantwoord dan die vrae wat volg deur na die inhoud van die grafiek te verwys.

'n Gesonde ontbyt?

Die items hieronder word as gesondheidsprodukte beskou. Maar as jy dit alles saam vir ontbyt sou eet, sal jy meer suiker inneem as wat die Wêreldgesondheidsorganisasie se daaglikse riglyn vir sowel mans en vroue is.



[Netwerk24, 10 Maart 2020]

- 2.1.1 Wat is die maksimum teelepels suiker wat per dag vir vroue aanbeveel word? (1)
- 2.1.2 Wie beveel hierdie maksimum suikerinname aan? (1)
- 2.2 Sal twee Futurelife-proteïenstafies per dag vir 'n vrou veilig wees? (1)
- 2.3 Wat sou jy vir ontbyt kies as jy bekommerd is dat jy te veel suiker inneem? (1)
- 2.4 Wat is ironies omtrent die ontbytprodukte in hierdie grafiek? (2)

[6]

VRAAG 3 STROKIESPRENT

Bestudeer die strokiesprent en beantwoord dan die vrae wat volg:



[Beeld, 18 September 2019]

- 3.1 Waarna verwys die woorde “TIK TIK” in raampies 1 en 2? (1)
- 3.2 Wat, dink Jeremy se ma, is sy probleem? (1)
- 3.3.1 Watter vreemde ding doen Jeremy se ma in raampie 3? (1)
- 3.3.2 Hoe, dink jy, probeer Jeremy se ma vir hom ‘n les leer? (1)
- 3.4 Kyk na sy maats se gesigsuitdrukkings in raampie 3.
Wat dink hulle van die situasie? (1)

[5]

30

AFDELING B OPSOMMING

VRAAG 4 WENKE OM 'N GEMEENSKAPSTUIN TE BEGIN

- Som **5 WENKE** op om 'n **GEMEENSKAPSTUIN** te begin en gee ook by elke wenk die **REDE** vir die wenk.
- **Begin elke wenk met 'n werkwoord. Bv. Vertel ...**
- Skryf die opsomming puntgewys in vyf volsinne en 70 woorde neer.
- Nommer jou punte van **1 tot 5**.

ONTHOU:

- Skryf 'n woordtelling aan die einde van jou opsomming neer.
- Moenie volsinne direk uit die teks aanhaal nie.
- Jy sal gepeenaliseer word as jou opsomming te kort (minder as 60 woorde) of te lank (meer as 80 woorde) is.
- Elke hoofpunt moet slegs **EEN** sin bevat met die **WENK** en **HOE** dit die tuin sal help. Elke punt moet dus **2 feite** bevat.
- Laat 'n reël oop na elke antwoord.
- Beplan jou opsomming voor jy dit begin skryf. Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar is met jou opsomming.

GEMEENSKAPSTUINE: GROENTE VIR 'N GOEIE DOEL

Daar is baie mense wat deesdae sonder werk is en honger ly. Jy kan iets aan hierdie probleem doen. 'n Groentetuin kan help om vir mense werk te gee en om die gemeenskap van kos te voorsien. Hier is 'n paar wenke om groentetuine vir die gemeenskap te begin.

Jy moet almal in die gemeenskap voor die tyd vertel van jou planne om die tuin te begin. Jy moet ook hulle opinies vra. As almal in die gemeenskap weet wat aangaan, sal hulle saamwerk. Hulle sal voel asof hulle deel is van hierdie projek en sal gewillig wees om te help.

Maak 'n lys van mense in die gemeenskap wat ondervinding het van tuinmaak en verskillende take kan verrig. Om 'n groentetuin te begin en te versorg, gaan jy mense in die gemeenskap nodig hê. Daar sal byvoorbeeld iemand moet wees wat die tuine gereeld water gee.

Jy sal voor die tyd 'n begroting moet opstel. Jy moet seker maak dat daar geld gaan wees vir alles wat jy nodig het. Dit sal baie hartseer wees as julle halfpad moet ophou omdat die geld op is.

Nou kan die werk begin. Kry die beste stuk grond wat vir die tuin beskikbaar is. Die tipe grond is belangrik. As die grond nie vrugbaar is nie, sal jy baie geld moet betaal om dit reg te kry voor julle kan begin plant.

Die tuin moet kos aan die gemeenskap voorsien, maar dit moet ook geld maak. Dit is dus baie belangrik dat die groentetuin bemark moet word. Dan kan mense van buite die gemeenskap ook die tuin ondersteun. Op hierdie manier kan die tuine uitgebrei word.

[Verwerk uit *Weg! Platteland*, Herfs 2018]

[274 woorde]

AFDELING C

POËSIE

VRAAG 5

VOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande voorbereide gedig noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

strelitzia - Annie Kloppe

1. dit was reeds te laat vir verskonings maak
2. toe mevrou Susan van Breda – enkele sekondes
3. nadat sy die oggend om stiptelik seweur
4. met 'n lang sigaret
5. tussen gladde naels agter die stuur
6. van haar luukse sedan ingeskuif het –
7. skielik
8. geskok
9. na die linkerkant van haar simmetries
10. geplaveide siersteenoprit staar
11. dit was reeds te laat vir verskonings maak,
12. ja,
13. maar
14. dalk
15. indien sy nie so besig was om
16. (met die staar saam)
17. aan verskonings te dink nie
18. sou sy dalk ten minste redes kon kop
19. waarom haar seun haar strelitzia
20. stukkend sou wou skop



Bron : Touloupers ; Verse vir Tieners – saamgestel deur J. Jacobs, Lapa 2011]

- 5.1 Die woord, “verskonings” word in die gedig beklemtoon deur herhaling.
 - 5.1.1 Wie moet verskonings maak? (1)
 - 5.1.2 Waarom word die woord “verskonings” beklemtoon? (1)
- 5.2 Hoe kontrasteer mev. Van Breda se **leefstyl** met die **stukkende** Strelitzia? (1)
- 5.3 Watter tegniek gebruik die digter om mev. Van Breda se skok in versreëls 7 en 8 te beklemtoon? (1)

- 5.4 Haal 'n versreël aan wat bewys dat mev. Van Breda nie weet waarom die seun die Strelitzia geskop het nie. (1)
- 5.5 5.5.1 Gee 'n voorbeeld van alliterasie in versreël 3. (1)
- 5.5.2 Sê wat die funksie van hierdie alliterasie is. (1)
- 5.6 Wat word die gedeelte tussen hakies in versreël 16 genoem? (1)
- 5.7 5.7.1 Waarvan is die blom vir die seun 'n simbool? (1)
- 5.7.2 Gee 'n moontlike rede waarom die seun die blom geskop het. (1)
- [10]**

VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande voorbereide gedig noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

“Mamma” kan ek nie sê – Jelleke Wierenga

1. Ek onthou die engel
2. het my van die rand
3. van wik en weeg
4. afgeskop in jou in
5. onmoontlik sê hulle
6. om te weet van
7. voor tyd se tyd
8. maar ek het geweet
9. wat ek nou weet:
10. as jy na my kyk
11. is ek nie
12. in jou oë nie.



- 6.1 Watter woord word deur die inversie in die titel beklemtoon? (1)
- 6.2 6.2.1 Waarom “wik en weeg die spreker in versreël 3? (1)
- 6.2.2 Waar, dink jy, is die “rand” in strofe 1? (1)
- 6.3 Verduidelik in jou eie woorde wat volgens die mense “onmoontlik” in versreël 5 is? (2)
- 6.4 Waarom gebruik die digter so ‘n kragtige werkwoord soos “afgeskop” in strofe 2? (1)
- 6.5 Wie is die “jy” van wie in strofe 2 gepraat word? (1)
- 6.6 Wat is die funksie van die woord, “weet” se herhaling? (1)
- 6.7 Haal die **twee agtereenvolgende versreëls** aan wat bewys dat die spreker se ma nie lief is vir haar nie. (1)
- 6.8 Wat is die funksie van die dubbelpunt aan die einde van strofe 4? (1)

[10]

VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande onvoorbereide gedig noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

Luisterswaeltjies – T.T. Cloete

- 1 die swaeltjies op die telefoondraad
- 2 luister af hoe praat
- 3 die mense hoe knieserig brom
- 4 hulle van die koue wat kom
- 5 uit die barre suide van die lieflike oorde
- 6 wat lê in die warm welige somernoorde
- 7 dis hoe die swaeltjies so korrek
- 8 weet om agter ons drome aan te trek



- 7.1 Wat doen die swaeltjies, volgens die spreker, op die telefoondraad? (1)

- 7.2 Haal **twee agtereenvolgende woorde** aan wat bewys dat die mense ongelukkig is oor die koue wat kom. (1)
- 7.3 Gee 'n voorbeeld van alliterasie wat die **lekker weer** in die somernoorde beklemtoon. (1)
- 7.4 Hoe weet die swaeltjies, volgens die spreker, wanneer hulle moet begin wegtrek Europa toe? (2)
- 7.5 Haal 'n woord aan wat bewys dat die swaeltjies nooit 'n fout maak met die tyd van migrasie nie. (1)
- 7.6 Gee 'n voorbeeld van kontras in reël 5. (1)
- 7.7 Sê in jou eie woorde waarvan ons mense in reël 8 droom. (1)
- 7.8 Wat noem ons die tipe rympatroon in hierdie gedig? (1)
- 7.9 Wat dink jy wil die digter visueel wys met die ekstra spasies in reël 3 en reël 5? (1)

[10]

AFDELING D TAALVAARDIGHEID

VRAAG 8 SINSTRUKTURE

Bestudeer die spotprent hieronder. Herskryf die sinne soos aangedui.



- 8.1 Die leerling sê: "Menere, julle moet my naam van die detensielys afhaal!"
Die leerling sê vir die menere om ... (1)
- 8.2 Gister het die onderwysers sy naam van die detensielys afgehaal.
Vandag ... (1)
- 8.3 Hou asseblief op rook!
Nee, ... (1)
- 8.4 Almal moet die skoolreëls volg.
Almal hoef ... (1)
- 8.5 Daar is nuwe rookwette by die skool. Die seun praat daarvan.
Daar is nuwe rookwette waarvan ... (1)
- 8.6 Die onderwysers mag nie rook nie, want die leerlinge se gesondheid is belangrik.
Aangesien ... (1)

- 8.7 Sal die onderwysers nou koffie drink?
Sal koffie ... (1)
- 8.8 Die onderwysers doen eers hulle werk, dan sal hulle koffie gaan drink.
Die onderwysers sal koffie gaan drink nadat ... (1)
- 8.9 Die leerling sê geskok dat hulle die skool sal afbrand.
Die leerling: " ... " (1)
- 8.10 Al die leerlinge is verlede jaar deur die onderwysers gehelp om te slaag.
Die onderwysers ... (1)
- 8.11 Dit is elke pouse baie warm, maar hulle het nie hoede op nie.
Verlede week ... (1)
- 8.12 Ons werk almal saam sodat ons 'n gesonde skool kan hê.
Ons werk almal saam om ... (1)
- [12]**

VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

Lees die paragraaf wat op die prent gebaseer is, deur. Doen dan elke keer wat tussen hakies gevra word. Skryf net die nommer en die korrekte antwoord in jou Antwoordboek neer.




Meneer **verlang** terug **9.1** (_____ - gee korrekte voorsetsel) die ou dae. Hy het elke oggend om **9.2** (9:30 – skryf in woorde) na sy gunstelingstorie geluister.

9.3 (Deesdae – gee die antoniem) kyk almal net **9.4** (televisie – gee die afkorting). Arme meester het net 'n piepklein **9.5** (televisie – gee die verkleinwoord). Hy kyk gewoonlik net 'n paar **9.6** (program – gee die meervoud) elke aand gedurende **9.7** (ete + tyd – vorm 'n samestelling). Die arme man is **9.8** (verlief – intensiewe vorm) op die aktrise in die nuwe sepie. Daar is ongelukkig niemand **9.9** (wat/wie – kies die regte woord) saam met hom kyk nie, want Meester is **9.10** (lief – gee die vergrotende trap) vir sy werk as vir mense. Hy is die **9.11** (tevrede – oortreffende trap) met 'n boek. **9.12** (goed – gee die korrekte vorm van die adjektief) tye beteken vir hom 'n boek voor die kaggel as die eerste koue van die **9.13** (autumn – gee die Afrikaanse woord) kom. Elke **9.14** (Vr. – skryf die afkorting voluit) skink hy ook 'n glas wyn terwyl hy lees. Hy het 'n groot **9.15** (waardeer – gee die afgeleide selfstandige naamwoord) vir die klassieke letterkunde. Hy weet 'n mens kan **9.16** (jouself/homself/haarself) baie leer met boeke.

[8]

VRAAG 10 KOMMUNIKASIE

- Lees die inligting hieronder wat op die illustrasie gebaseer is, deur.
- Voer die instruksies wat by elke situasie gevra word uit.
- Skryf elke keer die woorde neer van die persoon wat praat of dink. (Jy hoef nie aanhalingstekens te gebruik nie.)
- Elke respons moet **15 – 20 woorde** lank wees. Onthou om jou woordtelling by elke vraag neer te skryf.
- Moenie die **vetgedrukte woorde** in jou respons herhaal nie.



Hierdie drie vriende is met vakansie. Hulle ontspan in 'n jeughostel na 'n besige dag.

- 10.1 Seun A is **opgewonde** oor hulle **uitstappie** môre.
Skryf sy woorde neer. (2)
- 10.2 Meisie B lag oor 'n vreemde persoon wat sy daardie dag gesien het.
Sy **vertel** van die persoon en sê **hoekom** hy/sy vreemd was. (2)
- 10.3 Seun A **hou baie** van die eetgoed wat hulle gekoop het en sê ook
wat sy **gunstelingkos** by die huis is. (2)
- 10.4 Seun C is **geïrriteerd**, want sy vriende raas te veel en hy wil nou **rus**.
Skryf sy woorde aan sy vriende neer. (2)
- 10.5 Meisie B **vra verskoning** en sê **wat** hulle nou dadelik sal doen. (2)

[10]

30

Totaal: 100 punte